SKOOLMEISIE MET SAKESIN

Amanda se kreatiwiteit floreer in plakkershut

SHIREEN SEDRES Kaapstad

1. 'n Skoolmeisie van Philippi op die Kaapse Vlakte het onlangs in 'n nasionale entrepreneurskompetisie met die louere weggeloop en getoon dat deursettingsvermoë en motivering die sleutel tot sukses is.

2. Amanda Filtane (14) woon saam met familie en vriende in 'n klein plakkershut in die Samora Machel- informele nedersetting . Sy is in gr. 9 aan die Hoërskool Sophumelele .

3. Haar sakeplan vir haar eie kleremaakbedryf het die beoordelaars in die Business Ventures-entrepreneurs kompetisie beï ndruk en haar R2 000 in prysgeld losgeslaan in die kategorie vir hoërskoolleerlinge.

4. Die wenners is onlangs op 'n swierige geselligheid by die Mount Nelson-hotel in Kaapstad aangewys.

5. Business Ventures bedryf 'n reeks entrepreneurskapprogramme wat onder die vaandel van die SA Instituut vir Entrepreneurskap (SAIE) by skole regoor die land aangebied word. SAIE glo dat sakevaardighede al hoe belangriker word wanneer skoolverlaters die werk plek betree. Die maatskappy probeer om met die programme en die kompetisie 'n kultuur van entrepreneurskap onder die Suid-Afrikaanse jeug aan te wakker.

6. Amanda het die afgelope week aan Doen en deel vertel dat sy glad nie verwag het om die kompetisie te wen nie. "My onderwyser het my ingeroep en vertel dat sy goeie nuus het. Ek kon dit nie glo nie. Dit was waarskynlik een van die grootste oomblikke tot dusver in my jong lewe.

7. "Ek geniet dit baie om klere te ontwerp en te maak. Dis so kreatief en jy kan so oorspronklik wees. Jy kan jou eie idees o p papier neersit en die mooiste skeppings die lig laat sien.

8. "Ek wens net ek kan genoeg geld spaar om my eie naaimasjien te koop sodat ek meer gereeld klere kan maak," sê sy. Sy moes 'n naaimasjien leen om haar rok geï nspireer deur Afrika vir die kompetisie te maak.

9. Filtane glo dat sy met harde werk eendag haar eie onderneming sal bedryf.

10. "Ek het vinnig geleer dat die lewe nie maklik is nie. Ek weet wel dat jy in 'n groot mate beheer oor jou lewe het. Jy moet net bereid wees om opofferings te maak en ook nooit fokus verloor van jou mikpunte in die lewe nie," sluit sy af.

[Uit: ***Rapport***, 27 Julie 2003]

1.1 Watter woord in die ondertitel dui daarop dat dit goed gaan met Amanda? (1)

1.2 Aan watter kompetisie het Amanda deelgeneem? (1)

1.3 Wat beteken die uitdrukking " …met die louere weggeloop…" (par.1)? Kies jou antwoord uit die volgende moontlikhede. Skryf die letter en die antwoord neer.

A Sy was baie trots.
B Sy het baie hard gewerk.
C Sy was baie opgewonde.
D Sy het die kompetisie gewen. (1)

1.4 Noem twee karaktereienskappe wat tot haar sukses bygedra het. (2)

1.4 Amanda het aan 'n kompetisie by die skool deelgeneem. Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf een woord uit die teks neer om jou antwoord te bewys. (2)

1.6 Skryf een bewys uit paragraaf 2 neer wat Amanda se prestasie baie spesiaal maak. (2)

1.7 Wat het die beoordeelaars beïndruk? (1)

1.8 Amanda op haar eie hierdie prestasie behaal. Stem jy saam? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.9 Die maatskappy probeer 'n kultuur van entrepreneurskap by die jeug aanwakker.

1.9.1 Dink jy dis nodig vir die jongmense van Suid-Afrika? (1)
1.9.2 Verduidelik waarom jy so sê. (2)

1.10 Wat is Amanda se boodskap aan jongmense? (2)

[17]

ANTWOORDE:

1.1 floreer (1)

1.2 Business Ventures Entrepreurskompetisie (1)

1.3 D Sy het die kompetisie gewen. (1)

1.4 deursettingsvermoë en selfgemotiveerdheid (2)

1.5 ONWAAR nasionaal (2)

1.6 Sy woon in 'n klein plakkershut in 'n informele nedersetting. (2)

1.7 Haar sakeplan vir haar kleremaakbedryf. (1)

1.8 NEE. Sy moes ‘n naaimasjien leen om die rok vir die kompetisie te maak. (2)

1.9.1 JA of NEE (1)
1.9.2 Aanvaar enige relevante antwoord oor werkgeleenthede vir jongmense in Suid-Afrika. (2)

1.10 Moontlike antwoorde: Sy het volhard ten spyte van moeilike omstandighede. As jy iets wil bereik/suksesvol wil wees, moet jy opofferings maak. ‘n Mens het in ‘n groot mate beheer oor jou lewe. Jy moet nooit fokus verloor van jou mikpunte in die lewe nie. [Enige EEN van bogenoemde antwoorde.] (2)
[17]

DENKVLAKKE

Vlak 1& 2	1.2, 1.4, 1.7, 1.10	6 punte
Vlak 3	1.1, 1.3, 1.5, 1.6, 1.8	8 punte
Vlak 4 & 5	1.9	3 punte